23.3 RAPPORT 3: DEPUTATE GEREFORMEERDE PUBLIKASIES – EVANGELISERINGSMEDIAFONDS EN HOSPITAALLEKTUUR (Art 144)

23.3 REPORT 3: DEPUTIES REFORMED PUBLICATIONS – EVANGELISING MEDIA FUND AND HOSPITAL LITERATURE (Art 144)

A. Dr GJ Meijer stel die Rapport.
Dr GJ Meijer tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag Die opdrag is vervat in die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds (Acta 2006:766-770). Die administrasie daarvan word namens die Deputate deur die Administratiewe Buro behartig. Aandag is aan onafgehandelde sake van vorige Deputate gegee. **Besluit: Kennis geneem.**	**1. Mandate** The mandate is set out in the Regulations of the Evangelising Media Fund (Acta 2006:766-770). The Administrative Bureau is responsible for its administration on behalf of the Deputies. The incomplete tasks of the previous Deputies were attended to. **Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod takes note of**
2.1 Die Deputate moes ongelukkig aan br Arie van der Kruk ontslag verleen weens sy persoonlike omstandighede. Dit het ongelukkig die werk van die Deputate benadeel.	2.1 The Deputies had to unfortunately allow Br Arie van der Kruk to step down due to personal circumstances, which unfortunately had a negative impact on the Deputies' work.
2.2 Daar is begin met 'n Setswana vertaling van *Die Gesonde Leer* (PJ de Bruyn). Sodra die vertaling voltooi is en die werk geproeflees is, sal oorgegaan word tot die druk daarvan.	2.2 The translation of a Setswana version of *Die Gesonde Leer* (PJ de Bruyn) commenced. As soon as the translation has been completed and it has been proofread, it will be printed.
2.3 In samewerking met die Deputate Sending is die boek *Reformed Mission in South Africa: The way forward* onder redaksie van br Rob van der Kooy uitgegee.	2.3 In cooperation with the Deputies Mission the book *Reformed Mission in South Africa: The way forward*, edited by Br Rob van der Kooy, was published.
2.4 Die boek *Evangelisasie en Herlewing* van prof Koos van Rooy is in samewerking met die Deputate Sending uitgegee.	2.4 The book *Evangelisasie en Herlewing* by Prof Koos van Rooy was published in collaboration with the Deputies Mission.
2.5 Aandag is gegee aan die moontlike uitgee van 'n aangepaste weergawe van die boek *Buka ya Kereke*. Weens allerlei probleme in verband met kopiereg is daar besluit om daarvan af te stap en liewer 'n vertaling van die Afrikaanse Formuliere en Gebede in Afrikatale aan te pak. Die taak sal waarskynlik eer deur die te benoeme Deputate voltooi word.	2.5 The possible publication of a revised version of the book *Buka ya Kereke* was considered, but due to all kinds of problems with copyright it was decided to abandon this idea and rather undertake a translation of the Afrikaans Forms and Prayers into African languages. The task will probably only be completed under the next Deputies.
2.6 Die boek van Trevor Vosloo, *Speaking to the Dead* is in Sesotho vertaal en deur die	2.6 The book by Trevor Vosloo, *Speaking to the Dead*, was translated into

Deputate uitgegee. Die Setswana vertaling van die boek is onderweg.	Sesotho and published by the Deputies. The Setswana translation of the book is underway.
2.7 Met die hulp van prof Sarel van der Merwe is die boekie van Ansie du Plessis, *Leef ek Reg*, in Setswana vertaal en uitgegee.	2.7 Aided by Prof Sarel van der Merwe, the booklet by Ansie du Plessis, *Leef ek Reg*, was translated into Setswana and published.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.7 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.7 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decides on**
3.1 Die Sinode benoem weer Deputate om die opdrag soos vervat in die Reglement uit te voer en om voort te gaan met onvoltooide projekte.	3.1 The Synod is to appoint Deputies to execute the instruction as contained in the Regulations and to continue with incomplete projects.
3.2 Die Sinode keur die verandering aan die Reglement goed. Die Reglement is aangepas met die byvoeging van die sinsnede (kursief gedruk) by punt 3 wat nou so lees (bladsy 8 van Reglemente): **3 Doel** Die doel van die Evangeliserings-mediafonds is om lektuur en ander hulpmiddels beskikbaar te stel*, hetsy gedrukte boekies en/of traktate, elektronies op die kerke se webblad of as skakels na ander bestaande webblaaie,* volgens die evangelisasie-, apologetiese en toerustingsbehoeftes van die kerke.	3.2 The Synod is to approve the amendments to the Regulations. The Regulations were amended by adding the phrase (in italics) at point 3 that now reads as follows (page 8 of the Regulations): **3 Purpose** The purpose of the Evangelising Media Fund is to provide literature and other aids, *be it printed booklets and/or tractates, electronically on the churches' website or as links to other existing websites,* according to the evangelisation, apologetic and equipping needs of the churches.
Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 3.1 and 3.2 approved.**